ATKV-betrekkings
ATKV-LAPA (Pretoria)
Produksie-administreerder, LAPA-uitgewers

Die ATKV-Groep is ’n dinamiese en snelgroeiende Afrikaanse kultuurorganisasie en het ’n vakature vir ’n gekwalifiseerde en dinamiese persoon om as Produksie-administreerder by LAPA Uitgewers in Pretoria diens te verrig. LAPA Uitgewers is ’n volfiliaal van die ATKV-Groep.

Die ATKV-Groep volg ’n gelyke-indiensnemingsbeleid.

Algemene vereistes:

Indien jy iemand is wat ’n liefde het vir boeke, goeie taalvermoë het, sterk rekenaarvaardig is in onder andere Microsoft Office, oor uitstekende interpersoonlike en kommunikasievaardighede beskik, bereid is om buite kantoorure te werk, ondervinding in die uitgewersbedryf het, oor sterk organisatoriese en skakelvaardighede beskik, ’n toepaslike kwalifikasie en geldige rybewys het, is dié pos vir jou.

Die vernaamste verantwoordelikhede is:

- Koördinering en uitvoering van verskeie administratiewe produksieverwante take in die uitgewersafdeling van die maatskappy.
- Bystand in die uitvoering van die jaarlikse publikasieprogram en produksieskedule.
- Opstel van skedules en sakeplanne vir gedrukte en digitale produkte en sien toe dat by die skedules gehou word.
- Aanvra van kwotasies en onderhandel drukpryse.
- Hanteer produksieproses van digitale produkte.
- Doen proefleeswerk waar nodig.

As jy voel jy wil vir so ’n dinamiese organisasie werk, stuur jou volledige CV aan:

Dirk Botha, ATKV, Posbus 4586, Randburg, 2125
of stuur ’n faks na 011 919 0209 of e-pos na
betrekkings@atkv.org.za voor of op
18 Augustus 2017
Gebruik asseblief die volgende verwysing: **LAPA23**

Beskou die aansoek as onsuksesvol indien jy nie binne ses weke van LAPA gehoor het nie.